**Dinsdag 12 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 8; HK Sondag 3, Antwoord 6**
**Fokusgedeelte: Psalm 8:6**

### God het die mens geskep om regverdig en heilig te wees

Die feit dat die mens goed en na die beeld van God geskep is, behels nog meer as wat reeds gesê is. Ons bely verder dat God die mens in ware geregtigheid en heiligheid geskep het.

Hierdie twee deugde maak deel uit van die wese van God. Dit dui ook aan hoe die beeld van God in die mens ingeskep is. Dit was noodsaaklik dat die mens so geskape is, want hy kon alleen die verteenwoordiger van God wees as hy in die regte verhouding tot God staan en aan God se wil gehoorsaam is.

Onder *geregtigheid* (regverdigheid) word verstaan dat Adam, omdat hy goed en na die beeld van God geskep is, in homself geweet het wat goed en reg is volgens die wet van God en dit ook gedoen het. Dit was vir hom ’n lus en ’n vreugde om die wil van God wat hy suiwer geken het, ook suiwer uit te voer.

Die mens was egter ook *heilig*: hy was innerlik en uiterlik rein en sonder smet. In sy hart het daar nooit ’n gedagte aan sonde en onreinheid opge-kom nie. Geen vlek of rimpel was op hom nie.

’n Mens kan jou byna nie voorstel in watter hoë en heerlike staat die mens direk na die skepping voor God gestaan het nie. En as Dawid van die mens na die sondeval kon sê: *“U het hom ’n bietjie minder as ’n hemelse wese ge-maak en hom met aansien en eer gekroon”* – hoeveel te meer sou dit nie met die mens die geval gewees het vóór die sondeval nie.

As die mens in sonde val, vind daar ’n ingrypende verandering plaas. In plaas van geregtigheid word daar dan tot ’n groot mate ongeregtigheid by die mens gevind, en in plaas van heiligheid onheiligheid (vgl. Rom. 2:10-18).

God het in sy groot genade en ontferming die mens nie laat bly in die ellende waarin hy homself gestort het nie. Hy bewerk vir die mens redding en verlossing deur die soenverdienste van Christus. In sy grenslose liefde herstel Hy dié wat in Hom glo sodat hulle is soos wat Hy oorspronklik be-doel het dat die mens moet wees. Die mens word weer geregverdig en geheilig (1 Kor. 6:11). Daarom word egter van die gelowiges geëis om regverdig te wees soos God regverdig is (1 Joh. 3:7) en om heilig te wees omdat God heilig is (1 Pet. 1:15, 16).